**CEDERBERG INWONERS VERENIGING**

Posbus 237
Lambertsbaai
8130

Telefoon: 027-432-1248
e-pos: cederberg.iv@gmail.com

Datum: 16 Junie 2012

Die Minister van Plaaslike Regering
Wes-Kaap Provinsiale Regering,
Privaatsak X9186,
Kaapstad,
8000

Geagte Mnr Bredell,

**CEDERBERG MUNISIPALITEIT: 2012 VOORLOPIGE WAARDASIEROL**

Ons verwys u na ons brief met eenderse onderwerp gedateer 13 Junie 2012 aan Meneer Ian Kenned, die Munisipale Bestuurder van die Cederberg munisipaliteit gerig en waarvan 'n afskrif aan u gelewer is

Uit ons brief aan meneer Kenned is dit duidelik dat ons van mening is dat die 2012 Voorlopige Waardasierol se eiendomswaardasies nie net in die grootse gros van die waardasies onbillik is teenoor die eienaars nie en eiendom waardes toeken wat aan die een kant of veel hoër is as heersende markwaardes maar dan ook eiendomme se waarde na ons mening lukraak verminder het tot soveel as 50% onder die vorige waardasie. Ons kan geen gronde vind waarop eiendomme sulke uitermate hoëstygings in waardasies ondergaan het nie en ook geen rede vind waarom eiendomme se waardes drasties verminder moet word nie.

Dit is vir ons baie duidelik dat die Cederberg Munisipaliteit die goedkoopste tender tenderaar aangewys het sonder om sy kwalifikasies en vermoëns te ondersoek en te bepaal of hy oor die nodige stelsels beskik om munisipale eiendomswaardasies te onderneem. Voorts twyfel die CIV of die munisipaliteit enigsins die kwalifikasies van die waardeerder en sy personeel nagegaan het. Die CIV is van mening dat die aangewese waardeerder geheel en al onbevoeg is om eiendomswaardasies te onderneem.

In die lig van bogenoemde is die CIV van mening dat daar genoeg rede bestaan dat u as die aangewese minister u magte soos in Klousule 32 (2) van die Munisipale Eiendoms Belasting Wet soos hieronder aangehaal gebruik om die huidige (2008) waardasierol se geldigheid met een jaar te verleng totdat 'n betroubare waardasierol beskikbaar gestel kan word.

***32.*** *(1) A valuation roll-*

*(a) takes effect from the start of the financial year following completion of thepublic inspection period required by section 49; and (6) remains valid for that financial year or for one or more subsequent financial years as the municipality may decide, but in total not for more than four financial years.* *35*

(2) The MEC for local government in a province may extend the period for whicha valuation roll remains valid to five financial years, but only -

(a) if the provincial executive has intervened in the municipality in terms of section 139 of the Constitution; or

(b) on request by the municipality, in other exceptional circumstances which warrant such extension.

(3) The valuation roll of a municipality remains valid for one year after the date on which the roll has lapsed if the provincial executive intervenes in a municipality in terms of section 139 of the Constitution either before or after that date, provided that the intervention was caused by the municipality's failure -

(a) to determine a date of valuation for its general valuation in terms of section

(b) to designate a person as its municipal valuer in terms of section 33.

Die CIV neem kennis dat die minister slegs in gevalle waar die provinsiale uitvoerende gesag in terme van afdeling 139 van die konstitusie tussenbeide getree het of indien die Munisipaliteit self vir so ‘n verlenging aansoek doen.

Ons is van mening dat die Provinsiale Regering oor voldoende informasie beskik om met die munisipaliteit in gesprek te tree om die munisipaliteit te beweeg om so ‘n versoek om verlenging van die 2008 waardasierol aan die provinsiale regering te rig.

Ons stuur hierdie brief vir kennisname aan die Cederberg Munisipaliteit sodat hulle bewus is van die CIV se standpunt hieromtrent.

Ons vertrou dat ons spoedig erkenning van ontvangs van beide die Provinsiale Regering en die Munisipaliteit op ons skrywe sal ontvang en kort daarna ook die reaksie op ons versoek van beide die Provinsiale Regering en die Munisipaliteit sal ontvang.

Die uwe,



**J. J. Mellet**
Voorsitter: Cederberg Inwoners Vereniging